




education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE V2
NOVEMBER 2024**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Testpapers.co.za

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Bankversoening	30	25
2	Vervaardiging	45	40
3	Begrotings	35	25
4	Voorraadstelsels en BTW	40	30
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BANKVERSOENING**(30 punte; 25 minute)****1.1 WAAR OF ONWAAR**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 'n Kredietsaldo op die Bankstaat beteken dat die onderneming 'n positiewe banksaldo het.

1.1.2 'n Debietkaart kan gebruik word om kontant by 'n OTM te onttrek.

1.1.3 'n Bankoortrekking is 'n korttermynlening wat in die besigheid se lopende bankrekening oorgeplaas word.

(3)**1.2 HOPE HANDELAARS**

Die inligting is uit die boeke van die onderneming vir Oktober 2024 geneem.

- Hope Handelaars gebruik die amptelike Bankstaat wat op die 25ste van elke maand beskikbaar is om die maandelikse versoeningproses te voltooi.
- Sy gebruik ook haar EFO-transaksiesrekords (hernommer) om die Kontantbetalingsjoernaal te voltooi.

GEVRA:

1.2.1 Dateer die totale vir die Kontantontvangste- en Kontantbetalingsjoernale vir Oktober 2024 op. Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien is.

(10)

1.2.2 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 31 Oktober 2024.

(4)

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2024 op.

(9)

1.2.4 Hope het probleme met die deponering van kontant opgemerk. Verduidelik TWEE maatreëls wat sy kan gebruik om hierdie probleme op te los.

(4)

INLIGTING:**A. Uittreksels uit die Bankversoeningstaat op 30 September 2024:**

Gunstige saldo volgens die bankstaat	R12 200
Uitstaande deposito 18 September 2024	R23 600
28 September 2024	R37 200
Uitstaande EFO: 768	R5 480
769	R17 800
Gunstige saldo volgens die bankrekening	R49 720

- Die uitstaande deposito op 18 September 2024 het in die Bankstaat van Oktober 2024 verskyn.
- Die deposito op 28 September 2024 het as R20 200 verskyn. 'n Ondersoek het getoon dat die kassiere met die uitstaande bedrag verdwyn het. Daar is besluit om die uitstaande bedrag af te skryf.
- Albei die EFO's was op die Oktober-bankstaat, maar EFO 768 het met die korrekte bedrag van R4 580 verskyn.

B. Die voorlopige totale in die Kontantjoernale:

KOJ: R115 600

KBJ: R217 800

C. Die volgende items verskyn slegs op die Bankstaat:

Debietorder: Thlwe Munisipaliteit	R2 880
Kontanthanteringsfooie	R220
Deposito: S Uni	R8 400
Deposito: T Jongi	R65 000
Kontantonttrekkings	R740
Vaste deposito verval	R18 300
EFO-transaksiefooie	R360
EFO-transaksiefooie	R360

- Die debietorder aan Thlwe Munisipaliteit was vir water en elektrisiteit.
- S Uni, die huurder, het die maandelikse huur gedeponeer.
- Die deposito van T Jongi het nie betrekking op die onderneming gehad nie. Die bank is van hierdie fout in kennis gestel.
- Die kontantonttrekkings van R740 was vir brandstof vir die eienaar se voertuig.
- Die EFO-transaksiefooie is foutiewelik op die Bankstaat gedupliseer.

D. Die volgende items verskyn slegs in die Kontantjoernale:

- Deposito van R22 500 op 31 Oktober 2024.
- EFO 883 vir R9 520 is vir skryfbehoeftes aangekoop.
- EFO 884 vir R12 530 is vir die herstelwerk aan geboue.

E. Bankstaatsaldo op 31 Oktober 2024: R?

VRAAG 2: VERVAARDIGING**(45 punte; 40 minute)****2.1 KONSEPTE**

Identifiseer DRIE veranderlike kostes uit die lys hieronder:

(3)

fabrieksbokoste, verkoop en verspreidingskoste, administratiewekoste, direkte arbeidskoste, salaris van fabrieksvoorman, direkte materiaalkoste

2.2 JANCO VERVAARDIGERS

Janco Vervaardigers is 'n vervaardigingsonderneming wat leersakke vervaardig. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2024.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die grondstowwe wat vir produksie gebruik is.

(4)

2.2.2 Voltooi die gegewe rekeninge in die Algemene Grootboek vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.

a) Goedere-in-bewerkingvoorraad

(9)

b) Klaarproduktevoorraad

(7)

c) Fabrieksbokoste

(12)

INLIGTING:**A. Saldo's**

	1 Julie 2023	30 Junie 2024
Grondstofvoorraad	R69 400	R36 800
Goedere-in-bewerkingvoorraad	R15 600	R?
Klaarproduktevoorraad	R46 600	R?
Indirekte materiaal	R11 800	R8 400

B. Transaksies vir die jaar geëindig 30 Junie 2024

Grondstowwe aangekoop vir kontant	R191 000
Vraggeld op aankope van grondstowwe (kontant)	R5 800
Grondstowwe uitgereik vir produksie	R?
Indirekte materiaal aangekoop vir kontant	R34 600
Direkte lone	R184 000
Lone van skoonmaker – Admin	R3 800
Salaris – verkoops personeel	R37 200
Advertensies	R6 200
Huuruitgawe	R23 200
Fabriekonderhoud	R13 000
Water en elektrisiteit	R25 000
Waardevermindering op fabriektoerusting	R13 200
Kommissie op verkope (3% op verkope)	R20 700

C. Addisionele inligting

- Huur word toegedeel in die verhouding tot vloeroppervlakte. Die fabriekoppervlakte beslaan 600 vierkante meter en die administratiewe blok beslaan 400 vierkante meter.
- Die skoonmaker spandeer 20% van die tyd om die administratiewe blok skoon te maak en die res in die fabriek. Koste moet toegedeel word volgens die tyd wat in elke department gespandeer word.
- Die fabriek gebruik 75% van die water en elektrisiteit.
- 7 150 eenhede was geproduseer teen 'n koste van R70 per eenheid.
- Koste van verkope is gelyk aan 70% van verkope.

2.3 TUMA VERVAARDIGERS

Tuma Vervaardigers produseer hoë kwaliteit-klere. Die eienaar, Tembi, is nie gelukkig met die afname in die produksievlakke en die toename in die eenheidskoste van produksie nie.

GEVRA:

- 2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt en lewer kommentaar op jou bevindings. (6)
- 2.3.2 Gee TWEE maatreëls wat deur Tembi geïmplementeer moet word, ten einde die eenheidskoste van produksie te verminder. (4)

INLIGTING:

	Totaal	Per eenheid
Verkope	R738 000	R120
Veranderlike koste	R344 400	R56
Vaste koste	R357 120	
Aantal eenhede vervaardig	6 150	
Gelykbreekpunt in eenhede	?	

VRAAG 3: BEGROTINGS**(35 punte; 25 minute)****3.1 PG STORE**

Die inligting het betrekking op PG Store.

GEVRA:

3.1.1 Stel die Debiteure-invorderingskedule op vir April 2024. (5)

3.1.2 Bereken die bedrag betaalbaar aan krediteure vir April 2024. (4)

3.1.3 Stel die Kontantbegroting vir April 2024 op. (16)

INLIGTING:**A. Verkope en debiteure**

	Werklike kredietverkope	Begrote kredietverkope
Januarie	R15 000	
Februarie	R19 200	
Maart		R15 600
April		R16 800

- 40% van verkope is kontantverkope.
- Debiteure sal na verwagting hulle rekeninge as volg betaal:
 - 50% in die maand van verkope en hulle kwalifiseer vir 4% korting.
 - 30% in die eerste maand na die verkope.
 - 15% tweede maande na die verkope.
 - die res word as oninbaar afgeskryf.

B. Aankope en krediteure

- Die onderneming gebruik 'n vaste winsopslag van 100% op die kosprys.
- Voorraad word vervang as dit verkoop word.
- 30% van aankope is kontant.
- Alle krediteure word in die maand na aankope betaal en kwalifiseer vir 'n korting van 5%.

C. Ou skryfbehoeftes, met 'n boekwaarde van R2 350 op 29 Februarie 2024, sal in Maart 2024 aan 'n plaaslike hoërskool geskenk word. Dit sal in dieselfde maand vervang word met skryfbehoeftes van R5 600 waarvan 25% per EFO betaal word, en die res sal in April 2024 betaal word.

D. Rente op vaste deposito van R20 000 word kwartaalliks op 1 Januarie, 1 April, 1 Julie en 1 Oktober ontvang. Die rentekoers is vasgestel op 12,5% per jaar.

- E.** Die eienaar ontvang vanaf April 'n maandelikse salaris van R3 600, waarvan R100 in die vorm van skryfbehoeftes is.
- F.** Uittreksel uit die Inkomstestaat van PG Store vir die jaar geëindig 31 Maart 2024 aangegee:

Huurinkomste	R10 980
Versekering	R4 800
Diverse uitgawes	R18 000

- Die huur word jaarliks op 1 Februarie met 10% vermeerder. Die huurder was in Maart 2024 oorsee en sy huur vir daardie maand is uitstaande. Hy het belowe om dit in April 2024 te betaal.
 - Die versekeringspremie vir die huidige finansiële jaar sal na verwagting met R75 per maand vermeerder en is maandeliks betaalbaar.
 - Diverse uitgawes sal na verwagting in die nuwe finansiële jaar met 8% vermeerder.
- G.** Op 31 Maart toon die bankrekening 'n gunstige saldo van R4 608.

3.2 RIA HANDELAARS

Die inligting het betrekking op Ria Handelaars. Die finansiële jaar eindig 29 Februarie 2024.

GEVRA:**3.2.1 Verwys na Inligting A.**

Aan die einde van Februarie 2024 is die volgende werklike syfers beskikbaar. Die eienaar het jou gevra om aan hom te verduidelik hoekom begrote en werklike bedrae van sekere items so baie verskil. Verduidelik wat jy aan hom sou sê oor elk van die volgende items. Verskaf EEN punt van raad, met syfers in elke geval.

(6)

3.2.2 Verwys na Inligting B.

Waardevermindering word afgeskryf teen 15% per jaar op die kosprys van voertuie.
Bereken die kosprys van die voertuig wat op 1 Februarie 2024 aangekoop is.

(4)

INLIGTING:

A.	Februarie 2024		
	Begroot	Werklik	
Advertensies	R5 200	R8 000	
Opleiding van werkers	R12 000	R0	
Huurinkomste	R8 500	R2 000	

B.	Werklik		Begroot	
	Des	Jan	Feb	Mrt
Waardevermindering	R2 750	R2 750	R3 975	R3 975

VRAAG 4: VOORRAADSTELSELS EN BTW**(40 punte; 30 minute)****4.1 PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL**

Die inligting is uit die rekords van Rose Groothandelaars geneem. Die onderneming maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel vir voorraadhouing.

GEVRA:

- 4.1.1 Bereken die bedrag wat vir Aankope na die Handelsrekening afgesluit sal word. (10)
- 4.1.2 Voltooi die Handelsrekening vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (14)
- 4.1.3 Hoekom dink jy gebruik die onderneming eerder die periodieke voorraadstelsel as die deurlopende voorraadstelsel van voorraadhouing? Noem TWEE verskille tussen die periodieke- en deurlopende voorraadstelsels. (6)

INLIGTING:

1. Goedere word verkoop teen 'n vaste winsopslag van 45% op kosprys.
2. Die volgende saldo's en totale verskyn in die boeke op 29 Februarie 2024.

Handelsvoorraad (1 Maart 2023)	R120 000
Verkope	R3 431 405
Debiteure-afslag	R87 435
Aankope	R1 977 440
Krediteure-afslag (terugsendings aan krediteure)	R29 000
Vraggeld op aankope	R407 087
Vraggeld op verkope	R127 300

3. Die volgende transaksies is nie geboekstaaf nie:
- 'n Faktuur vir die aankoop van goedere wat ingevoer is uit die VSA, \$1 800. Die wisselkoers is R12,20 per dollar (\$). Die afleweringskoste van hierdie goedere was R2 300.
 - 'n Debiteur het goedere ter waarde van R7 830 teruggestuur.
 - Voorraad ter waarde van R18 100 is aan 'n krediteur teruggestuur.
 - Voorraad met 'n verkoopprijs van R7 395 is aan die plaaslike laerskool geskenk.
 - Die eienaar het goedere met 'n kosprys van R5 500 geneem vir eie gebruik.
 - Die waarde van voorraad volgens 'n fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2024 is R170 000.

4.2 BTW

King Handelaars is vir BTW geregistreer. Die standaard BTW-koers is 15%.

GEVRA:

4.2.1 Bereken die bedrae aangedui deur (a) tot (c) in die tabel hieronder. (7)

4.2.2 Die interne ouditeur het uitgevind dat Tom King met elke indieningsdatum die bedrag verskuldig aan SAID ten opsigte van BTW, onderbetaal het. By nadere ondersoek het Tom gesê dat hy die geld gebruik om besigheidsuitgawes te betaal en dan die betalings later aanpas.

Lewer kommentaar op hierdie praktyk en gee Tom King raad. (3)

INLIGTING:


	BTW uitgesluit	BTW ingesluit	BTW- BEDRAG
Korting van verskaffers ontvang	R12 400		(a)
Kredietnotas aan kliënte uitgereik		(b)	R210
Fakture aan kliënte uitgereik		*R158 700	(c)

*Dit sluit verkope van R9 200 in wat teen nulkoers verkoop moes word. Die boekhouer het foutiewelik BTW van R1 200 op hierdie goedere ingesluit.

40

TOTAAL: 150

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS		
$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope of Koste van Verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Langtermynlenings : Eienaarsbelang	Totale bates : Totale laste	



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V2
NOVEMBER 2024
ANTWOORDEBOEK

NAAM VAN LEERDER: _____

VRAAG	PUNTE	PARAAF	MODERATOR
1	30		
2	45		
3	35		
4	40		
TOTAAL	150		



Testpapers.co.za

VRAAG 1: BANKVERSOENING**(30 punte; 25 minute)****1.1 WAAR OF ONWAAR**

1.1.1

1.1.2

1.1.3

3

1.2 HOPE HANDELAARS

1.2.1

Dateer die kontantjoernale vir Oktober 2024 op.	
KONTANTONTVANGSTE- JOERNAAL	KONTANTBETALINGS- JOERNAAL
115 600	217 800

10

1.2.2

Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 31 Oktober 2024.	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

VRAAG 2: VERVAARDIGING**(45 punte; 40 minute)****2.1 KONSEPTE**

3

2.2 JANCO HANDELAARS**2.2.1 Bereken die grondstowwe wat vir produksie gebruik is.**

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

2.2.2 Voltooi die gegewe rekeninge in die Algemene Grootboek vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.**a) Goedere-in-bewerkingvoorraad**

9

b) Klaarproduktevoorraad

7

c) Fabrieksboekoste

12

2.3 TUMA HANDELAARS

2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt en lewer kommentaar op jou bevindings.

6

2.3.2 Gee TWEE maatreëls wat deur Tembi geïmplementeer moet word, ten einde die eenheidskoste van produksie te verminder.

4

TOTALE PUNTE

45

VRAAG 3: BEGROTING**(35 punte; 25 minute)****3.1 PG STORE****3.1.1 Stel die Debiteure-invorderingskedge op vir April 2024.**

Maand	Kredietverkope	April 2024
Februarie		
Maart		
April		
Totale ontvangste van debiteure		

5

3.1.2 Bereken die bedrag betaalbaar aan krediteure vir April 2024.

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

3.1.3 Stel die Kontantbegroting vir April 2024 op.

	Maart	April
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	10 400	
Invordering van debiteure	15 498	
TOTALE ONTVANGSTE	25 898	
BETALINGS		
Kontantaankope	3 900	
Betalings aan krediteure	10 640	
Skryfbehoeftes	1 400	
Versekering	400	
Diverse uitgawes	1 500	
TOTALE BETALINGS	17 840	
KONTANTSURPLUS/TEKORT	8 058	
Saldo aan die begin	(3 450)	
Saldo aan die einde	4 608	

16

3.2 RIA HANDELAARS**3.2.1 Verduidelik wat jy aan hom sou sê oor elk van die volgende items. Verskaf EEN punt van raad, met syfers in elke geval.**

	Opmerking aan eienaar	Raad
Advertensie		
Opleiding van werknemers		
Huurinkomste		

6

3.2.2 Bereken die kosprys van die voertuig wat op 1 Februarie 2024 aangekoop is.

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 4: VOORRAADSTELSELS EN BTW**(40 punte; 30 minute)****4.1 PERIODIEKE VOORRAADSTELSELS****4.1.1 Bereken die bedrag wat vir Aankope na die Handelsrekening afgesluit sal word.**

BEWERKINGS	ANTWOORD

10

4.1.2 Voltooi die Handelsrekening vir 29 Februarie 2024.
Handelsrekening

14

4.1.3 Hoekom dink jy gebruik die onderneming eerder die periodieke voorraadstelsels as die deurlopende voorraadstelsel van voorraadhouding? Noem TWEE verskille tussen die periodieke- en deurlopende voorraadstelsels.

--

6

4.2 BTW**4.2.1**

	BEWERKINGS	ANTWOORD
(a)		
(b)		
(c)		

7


4.2.2

Lewer kommentaar op hierdie praktyk en gee Tom King raad.	
KOMMENTAAR	RAAD

3

TOTALE PUNTE
40

TOTAAL: 150



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V2 NOVEMBER 2024 NASIENRIGLYNE

TOTAAL: 150 PUNTE

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kanidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie).
Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasings of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kanidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die berekening wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die berekeningepunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui in memo vir komponente of berekeninge, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfers in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kanidate te defferensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerkings, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toeken word.
8. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
9. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek en ten minste een deel korrek, voor die punt toegeken word. As 'n syfer 'n metodepunt verdien het beskou word dit beskou 'een deel korrek'.
10. In berekeninge, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepas
11. Met die
nie, ter
12. Wees l
13. Kodes:

at foutief is



Testpapers.co.za

VRAAG 1: BANKVERSOENING**1.1 WAAR OF ONWAAR**

1.1.1	Waar ✓
1.1.2	Waar ✓
1.1.3	Onwaar ✓

3

1.2 HOPE HANDELAARS

1.2.1	Dateer die kontantjoernale vir Oktober 2024 op.	
	KONTANTONTVANGSTE- JOERNAAL	KONTANTBETALINGS- JOERNAAL
	115 600	217 800
	# 900 ✓✓ (5 480 – 4 580) twee punte	17 000 ✓✓
	8 400 ✓	2 880 ✓
	18 300 ✓	740 ✓
	# Ken TWEE punte saam toe vir 5 480 in die KOJ en 4 580 in die KBJ. (Geen deelpunte)	580 ✓ (230 + 360)
	143 200 Moet 115 600 insluit ☒	239 000 Moet 217 800 insluit

10

vir beide totale **een deel korrek**

1.2.2	Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 31 Oktober 2024.	
	BEWERKINGS	ANTWOORD
	49 720✓ + 143 200☑ – 239 000☑ sien 1.2.1	(46 080)☑ een deel korrek Kontroleer dt/kt vir BVS in 1.2.3

4

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2024 op.

	Alternatief	Debiet	Krediet
Saldo volgens Bankstaat	20 110	Balanseersyfer een deel korrek	18 110 ☒ kan dt wees
Uitstaande deposito	22 500		22 500 ✓
Uitstaande EFO 883	(9 520)	9 520 ✓	
884	(12 530)	12 530 ✓	
Fout op bankstaat	(65 000)	65 000 ✓✓	
Korrigeer fout	360		360 ✓✓
Saldo volgens bankrekening	(44 080)		46 080 ☒ sien 1.2.2
Totale moet dieselfde wees		87 050	87 050

9

1.2.4 Hope het probleme met die deponering van kontant opgemerk. Verduidelik TWEE maatreëls wat sy kan gebruik om hierdie probleme op te los.

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Implementeer 'n vaste deponeer-roetine/beleid vir daaglikse deponering.
- Stel 'n ander persoon aan wat verantwoordelik is vir deponering van kontant (verdeling van pligte vir een punt).
- Gebruik kontanttransito-dienste (sekuriteitsmaatskappy)/ verdeel groot bedrae in Kleiner deponeringsbedrae.
- Hou toesig oor die deponering van fondse/doen onafhanklike (onbeplande) kontroles/ magtig fondse wat gedeponeer moet word/kontroleer dokumentasie (depositostrokies) voor en na deponering.
- Moedig meer klante aan om per EFO te betaal (minder kontanthering).
- Aktiveer bankkennisgewingsdienste vir alle transaksies (ontvang SMS).
- Doen gereelde/onbeplande versoenings met mini-state vanaf die bank-toep as 'n tussentydse beheermaatreël/rekonsilieer kontant en kredietkaarttransaksie daaglik om latere foute te voorkom.

4

TOTALE PUNTE**30**

VRAAG 2: VERVAARDIGING**2.1 KONSEPTE**

Verkoop en verspreidingskoste ✓
Direkte arbeidskoste ✓
Direkte materiaalkoste ✓

3

2.2 JANCO HANDELAARS**2.2.1 Bereken die grondstowwe wat vir produksie gebruik is.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
69 400 + 191 000✓ + 5 800✓ – 36 800✓	229 400☑ een deel korrek by die toeken van metodepunt, kandidate kan nie volpunte verdien waar foutiewe syfer(s) ingesluit is nie.

4

2.2.2 Voltooi die gegewe rekeninge in die Algemene Grootboek vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.**a) Goedere-in-bewerkingvoorraad**

Jul 2023	01	Saldo	15 600	Jun 2024	30	Klaarprodukte-voorraad	500500✓✓
Jun 2024	30	Direkte materiaal ✓ sien 2.2.1	229400☑			Saldo	40 570☑
		Direkte arbeid✓	184000✓				
		Fabrieksbokoste✓	112070☑				
			541 070				541 070
Jul 2024	01	Saldo	40 570				

9

b) Klaarproduktevoorraad

Jul 2023	01	Saldo	46 600✓	Jun 2024	30	Koste van verkope 20 700✓x100/3✓x70%✓	483 000☑
Jun 2024	30	Goedere-in-bewerking sien a	500500☑			Saldo	64 100☑
			547 100				547 100
Jul 2024	01	Saldo	64 100				

7

c) Fabrieksboekoste

Jun 2024	30	Fabrieksonderhoud	13 000✓	Jun 2024	30	Goedere-in-bewering	112 070☑
		Indirektemateriaal 11 800+34 600✓- 8400✓	38 000☑				
		Lone-skoonmaker	15200✓✓				
		Huuruitgawe	13920✓✓				
		Water en elektrisiteit	18750✓✓				
		Waardevermindering	13200✓				
			112 070				112 070

12**2.3 TUMA HANDELAARS****2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt en lewer kommentaar op jou bevindings.**

$$357\,120✓ / (R120✓ - R56✓) \\ = 5\,580 \text{ eenhede}☑ \text{ een deel korrek}$$

Die besigheid maak wins✓, die eenhede geproduseer is 570✓ bo die gelykbreekpunt.

6**2.3.2 Gee TWEE maatreëls wat deur Tembi geïmplementeer moet word, ten einde die eenheidskoste van produksie te verminder.**

Enige TWEE geldige maatreëls ✓✓✓✓

- Opleiding van werkers om vermorsing te beperk.
- Aankope van grondstowwe teen laer pryse.
- Meer toesighouding om produktiwiteit te verhoog.
- Gee aansporingsbonusse om produktiwiteit te verbeter.

4**TOTALE PUNTE****45**

VRAAG 3: BEGROTING**3.1 PG STORE****3.1.1 Stel die Debiteure-invorderingskedge op vir April 2024.**

Maand	Kredietverkope	April 2024
Februarie	19 200	2 880✓ (19 200 x 15%)
Maart	15 600	4 680✓✓ (15 600 x 30%)
April	16 800	8 064✓✓ (16 800 x 50% x 96%)
Totale ontvangste van debiteure		15 624

5

3.1.2 Berekende die bedrag betaalbaar aan krediteure vir April 2024.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$15\,600 \times 100/60 = 26\,000✓$ $26\,000 \times 100/200 = 13\,000✓ \times 70%✓ \times 95%$	8 645✓ een deel korrek

4

3.1.3 Stel die Kontantbegroting vir April 2024 op.

	Maart	April
ONTVANGSTE		
Kontantverkope 16 800 x 40/60	10 400	11 200✓✓
Invordering van debiteure	15 498	15 624✓
Rente op vaste deposito 20 000x12,5%x 3/12		625✓
Huurinkomste (10 980/12,2) x 110% x 2		1 980✓✓
TOTALE ONTVANGSTE	25 898	29 429
BETALINGS		
Kontantaankope	3 900	4 200✓
Betalings aan krediteure	10 640	8 645✓
Skryfbehoeftes	1 400	4 200✓
Versekering	400	475✓
Diverse uitgawes	1 500	1 620✓
Ottrekkings		3 500✓
TOTALE BETALINGS	17 840	22 640
KONTANTSURPLUS/TEKORT	8 058	6 789✓
Saldo aan die begin	(3 450)	4 608✓
Saldo aan die einde	4 608	11 397✓✓

16

3.2 RIA HANDELAARS**3.2.1 Verduidelik wat jy aan hom sou sê oor elk van die volgende items. Verskaf EEN punt van raad, met syfers in elke geval.**

	Opmerking aan eienaar ✓	Raad✓
Advertensie	Die werklike uitgawe van R8 000 oorskry die begrote uitgawe van R5 200 met R2 800.	- Indien daar oorspandering was moet daar na goedkoper maniere van bemerking gesoek word en beter kontrole oor fondse toegepas word. - Indien daar egter onderbegroot was en alle advertensies nodig was moet die begroting opwaarts aangepas word.
Opleiding van werknemers	Daar is niks van die begrote bedrag van R12 000 spandeer nie.	Opleiding van personeel is 'n belangrike aspek. Om personeel te verbeter en te behou moet hulle opgelei word. Fondse moet gebruik word.
Huurinkomste	Die werklike ontvangste van R2 000 is baie minder as die begrote bedrag van R8 500, R6 500 minder ingevorder.	- Ondersoek redes vir die tekort aan inkomste. Die huurder kan aftrekorder teken om te verseker dat betaling gedoen word. - Indien huurkontrak verval het, begroot minder.

6

3.2.2 Bereken die kosprys van die voertuig wat op 1 Februarie 2024 aangekoop is.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$(3\,975 - 2\,750)$ $1\,225 \checkmark \checkmark \times 100/15 \times 12/1 \checkmark$	$98\,000 \checkmark$ een deel korrek

4

TOTALE PUNTE**35**

VRAAG 4: VOORRAADSTELSELS EN BTW**4.1 PERIODIEKE VOORRAADSTELSELS****4.1.1 Bereken die bedrag wat vir Aankope na die Handelsrekening afgesluit sal word.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
$ \begin{aligned} &21\,960 \checkmark\checkmark \\ &1\,977\,440 \checkmark + (1\,800 \checkmark \times 12,20 \checkmark) - \\ &18\,100 \checkmark - (7\,395 \checkmark \times 100/145 \checkmark) \\ &5\,100 \checkmark\checkmark \\ &- 5\,500 \checkmark - 29\,000 \checkmark \end{aligned} $	$1\,941\,700 \checkmark\checkmark$ een deel korrek

10

4.1.2 Voltooi die Handelsrekening vir 29 Februarie 2024.

Handelsrekening							
Feb	28	Beginvoorraad✓	120 000✓	Feb	28	Verkope (3 431 405✓ – 87 435✓ – 7 830✓)	3 336 140☑
		Aankope sien 4.2.1	1 941 700☑			Slotvoorraad	170 000✓
		Vraggeld op aankope	409 387☑ (407 087✓+2 300✓)				
		Wins en verliesrekening✓	1 035 053☑				
		Hele lyn korrek vir punte toekenning.	3 506 140	☑		Beide kante dieselfde	3 506 140

14

4.1.3 Hoekom dink jy gebruik die onderneming eerder die periodieke voorraadstels as die deurlopende voorraadstelsel van voorraadhouding? Noem TWEE verskille tussen die periodieke- en deurlopende voorraadstels.

Dit is 'n goedkoper en eenvoudiger stelsel om te gebruik. ✓

Die onderneming verkoop duursame artikels met 'n klein omset dus is dit maklik om te sien wat voorhande is. ✓

Deurlopende voorraadstelsel word koste van verkope word bereken met elke verkoop transaksie ✓, terwyl by die periodieke voorraadstelsel word koste van verkope moet bereken word aan die einde van die jaar. ✓ Deurlopende voorraadstelsel Hou deurlopend rekord van voorraad voorhande deur die handelsvoorraad rekening. ✓ Voorraad voorhande kan slegs bepaal word deur 'n fisiese voorraadopname. ✓

6

4.2 BTW**4.2.1**

	BEWERKINGS	ANTWOORD
(a)	$12\,400 \times 15\%$	1 860 ✓
(b)	$210 \times 115/15$	1 610 ✓✓
(c)	$(158\,700 - 9\,200) \checkmark \checkmark \times 15/115 \checkmark / 20\,700 - 1\,200$	19 500 ☑

7

4.2.2**Lewer kommentaar op hierdie praktyk en gee Tom King raad.**

KOMMENTAAR ✓✓	RAAD ✓
• Oneties om geld te gebruik wat deur die onderneming verdien is om lopende/bedryfskoste te betaal. • Die onderneming is 'n agent vir SAID en moet betalings gereeld doen. • Die onderneming kan beboet (gepenaliseer word) vir nie nakoming/vermyding/ Manipulasie/uitstel van BTW betaling. • Dit kan lei tot 'n meer intensiewe ondersoek in die toekoms vir ongerymdhede. • Dit is oorrol van kontant; wat kan eskaleer tot 'n groter probleem	• Hou behoorlik rekord/verseker dat daar altyd fondse beskikbaar is vir betalings. • Neem kennis van indien datums en beplan betyds. • Gebruik slegs ondernemings geld om ondernemings verpligtinge te betaal/ werk binne begroting.

3

TOTALE PUNTE
40

TOTAAL: 150